

**N.G. Gemeente Vaalpark**

**Gebedsbulletin no 39**

**28 September 2025**

## Vir God Geheilig

**Jy is 'n volk wat vir die Here jou God afgesonder is. Vir jou het die Here jou God gekies om uit al die volke op die aarde Sy eiendomsvolk te wees. – Deut 7:6**
In Deuteronomium word die storie van God se liefde vir Sy volk breedvoerig vertel. Dit is 'n aangrypende verhaal, 'n liefdesverhaal by uitnemendheid. En tog is dit 'n andersoortige liefdesverhaal, want hier gaan dit oor die unieke liefdesverhouding tussen 'n heilige God en die sondaarmens wat Hy na Sy beeld geskape het. Tussen die paradysliefde en die woestynliefde van Deuteronomium het sommer baie water in die see geloop. En daar het so baie dinge verkéérd geloop. Die sonde van eiesinnigheid en selfsug en eersug het in die paradys alreeds 'n demper op die wonder van volmaakte liefde geplaas. En sedert die paradys het sonde telkens weer die vreugde van liefde in die wiele gery.
Maar nou, hier kort voor die intog in die beloofde land, verklaar God opnuut Sy liefde vir Sy volk. In ons teksvers word daar twee dinge gesệ wat die uniekheid, die eie aard, van die verhouding tussen God en Sy volk treffend verduidelik. God het hulle vir Hom afgesonder, letterlik "geheilig". Dit is 'n geweldige woord. Dit beteken dat God 'n kring rondom Sy volk getrek het. Hy het Sy hande om hulle gevou. As God Sy liefde vir jou verklaar, het Hy jou in Sy omhelsing toegevou, geheilig, afgesonder vir Hom alleen.
Die tweede woord wat hier uitgelig moet word, is "eiendomsvolk", 'n woord wat in sy letterlike betekenis baie meer sệ: kleinood. Jy is vir God so kosbaar soos 'n kleinood, Sy heel kosbaarste besitting, Sy liefdesgoed. Dit gaan hier glad nie oor 'n eiendom-eienaar-verhouding nie. Dit gaan oor die liefdesverhouding van 'n geliefde wat sệ: Jy is Myne omdat Ek jou liefhet!

Is jy 'n kind van God? Dan kom sệ Hy vandag opnuut vir jou: "Jy is vir My baie spesiaal!"

**Dankie!**

Dat God ons eerste liefgehad het!
Dat Hy Sy liefde aan ons deur, en in Jesus Christus kom openbaar het!
Dat Hy nie wil hệ dat enigiemand verlore moet gaan nie!

## Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir die kleuterskole, skole en universiteite, kolleges en ander onderigsentrums. Vir hulle veiligheid, goeie onderrig sisteme, en Christelike leiding.

## Gebedsversoeke

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Rudi Kruger
- Johnny Viviers
- Judy Roux
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Pierre Pienaar
- Marelize Harrison
- Marcel Holtzhausen
- Rassie v Deventer
- Marina Visser
- Piet Loggerenberg

Natasja van Zyl
Janine Vorster
Ds Fritz Kotzé
Juanita Rossouw
Laura Viegas
Oom Monty Pienaar
Spokie Vorster
Oom Piet Pretorius
Marius van der Westhuizen
Tannie Nelie van Tonder
Bets Botha

## Gedagte vir die week

**God is liefde!**

**Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org